

Hoofstuk van die dag: Filippense 1

> *Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. (vers 12)*

Paulus skryf hierdie brief vanuit die tronk, en tog staan dié

brief bekend as Paulus se vreugdesbrief. Dit borrel oor van blydskap, en hy roep sy lesers ook op om altyd bly te wees (4:4).
’n Mens sou seker kon sê Paulus was maar net hardnekkig positief. Dit was hy sekerlik, want dit lyk of niks hom kon onderkry nie. In die tronk in die einste Filippi, flenters geslaan en in die blok vasgeklem, het hy en Silas lofgesange gesing (Hand 16:25)!
Nee, sy lewensvreugde en positiewe houding was nie bloot ’n karaktertrek nie. Dit is gebore uit die wete dat die Here in alle omstandighede in beheer is. Daarom sien hy nie sy gevangenskap as ’n ramp nie, maar sien hy hoe God daardeur deure vir hom oopgemaak het om by mense uit te kom wat andersins nooit die evangelie sou hoor nie (vers 13).
Vir hierdie insig bid hy ook vir die Filippense (vers 9-10). Om te midde van jou omstandighede God aan die werk te sien en jou daaroor te verbly, is immers ’n gawe van God.
Kom ons bid vandag daarvoor.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026